Vrydag **15 Maart**

**Skrifgedeelte: Kolossense 2:6-15**

**Fokusgedeelte: Kolossense 2:6-15**

**Troos**

Deel van ons "danksegging" (vs 7), dus ons "dankbaarheidslewe" (HK deel 3) in antwoord op Christus Jesus wat ons gered en "aangeneem" het (vs 6), is om nou te "wandel in Hom", dus ons hele lewenswandel: leer en lewe. En wesentlik deel daarvan is nie net om in dankbaarheid die waarheid van die evangelie lief te hê en te leer nie (1:5), maar ook die dwalinge en misleidinge van die dwaalleraars te weerlê en te verwerp (vs 8; sien ook 2 Tim. 3:12 – 4; 5 se oproep!).

Ja, ons ewige geluksaligheid kan nie van ons weggeneem word nie (Joh. 10:28), maar "drogredes" (2:4) wil wel die eer van God en die troos van die gelowige aantas deur valse vereistes op die gelowige en kerk se rug te laai wat die Here nie beveel het nie (2:16-23).

Daarom wil Paulus die gemeente en vir ons onderrig om nie in menslike oorleweringe en ongelowige wêreldse wysbegeertes jou troos en die waarheid te soek nie, maar wysheid en waarheid (ware wysbegeerte dus!) te soek wat "volgens" Christus is (Kol. 2:3; Joh. 14:6; 17:7), soos Paulus ook elders leer dat Jesus die volkome en finale krag en wysheid van God is (1 Kor. 1:18-31).

Jesus het ook gekom om al die seremoniële wette van die Ou Testament, waarin die besnydenis sentraal gestaan het, volkome te vervul (HK v/a 19) en "afgeskaf en in die plek daarvan die sakrament van die doop ingestel" (NGB artikels 25, 34), soos Paulus hier leer in Kolossense 2:11, 12. Daarom is die gelowiges en die kerk van Christus nie daaraan verbonde om die seremoniële aspekte van "raak nie, smaak nie" meer te onderhou nie, soos sommige dwaalleraars geleer het (Hand. 15; Fil. 2:2, 3) en Paulus heeltyd teen gewaarsku het.

Teenoor die dwaalleraars leer Paulus deur die Gees vir die gemeente waarop hulle en ons moet fokus: om te let op Christus wat alle owerhede en magte oorwin het, dus ook ons doodsvyande; Satan, die sondige wêreld en die oorblyfsel van die sonde (2:13-15; HK Sondag 52), en roep ons op om in dankbaarheid in hierdie oorwinnende Troos te "wandel in Hom" ons lewe lank (2:6).

*Sing: Psalm 110-1:5, 6*

*Ds. S (Slabbert) Le Cornu (Carletonville)*